FYNBOSFIRE

# BRANDBESKERMINGS-VERENIGINGS (BBV'S)

## VOORKOMING VAN VELDBRANDE: HOE ONS JOU KAN HELP

'N BEKENDSTELLING AAN BBV'S EN DIE VOORDELE VAN BBV-LIDMAATSKAP

environmental affairs
Department: Environmental Affairs
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Western Cape Government

Province of the EASTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

UNDP

gef

FFA GROUP OF COMPANIES

# BRANDBESKERMINGS-VERENIGINGS

## WAT IS 'N BRANDBESKERMINGSVERENIGING (BBV)?

**'n BBV is 'n organisasie van grondeienaars wat saamwerk om veldbrande in 'n gebied te probeer voorspel, te voorkom, te bestuur en te help bestry ten einde mense se lewens, bestaansmiddele, eiendom sowel as die omgewing te beskerm.**

Hierdie grondeienaars sluit in alle eienaars van staatsgrond, boere, bewaringsagentskappe, semistaatsinstellings soos Eskom, munisipaliteite, brandweerdienste, landelike gemeenskappe en bosboumaatskappye. Die verantwoordelikhede van grondeienaars en BBV's word in die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande 101 van 1998 (hierna 'die Wet') uiteengesit.

## WAT DOEN 'N BBV?

Die Wet verplig elke BBV om 'n veldbrandbestuurstrategie vir sy gebied op te stel. Sommige BBV's stel geïntegreerde brandbestuursplanne saam. Geïntegreerde brandbestuur (GBB) bestaan uit 'n verskeidenheid aksies, waaronder brandbewusmaking, brandvoorkoming (onder meer risikoverminderingsmaatreëls), brandopsporing, die uitstuur en koördinering van brandbestryders, brandonderdrukking, die rehabilitasie van brandskade, en navorsing op plaaslike, provinsiale en nasionale vlak.

## IS DIE BBV 'N SOORT BRANDWEER?

Nee. Die Wet vereis dat grondeienaars genoeg opgeleide personeel en brandweertoerusting op die perseel sal hê om 'n redelike kans te staan om brande te voorkom en te keer dat dit na naburige eiendomme versprei.

# HOE HELP DIT MY?

## HOEKOM MOET EK BY DIE PLAASLIKE BBV AANSLUIT?

Grondeienaars moet die Wet nakom, of hulle tot 'n BBV behoort of nie. BBV's help hulle lede om hul verantwoordelikhede ingevolge die Wet na te kom deur advies en leiding te bied oor hoe hulle die veldbrandgevaar kan verminder. BBV's help ook hul lede deur aktiwiteite gedurende brandbestryding te koördineer.

Daarbenewens help die BBV jou om 'n verskeidenheid praktiese maatreëls in te stel om jou eiendom te beskerm. Lees verder vir meer besonderhede.

## WAT VEREIS DIE WET VAN MY WAT VELDBRANDE BETREF?

# VOORKOMING

Die Wet bepaal dat enige grondeienaar op wie se grond 'n brand uitbreek, of van waar dit kan versprei, stappe moet doen om verwoesting deur wegholbrande te voorkom. Dit sluit in:

- die aanlê en instandhouding van brandstroke;
- die opleiding van personeel om sulke brande te begin bestry; en
- die versekering dat personeel die nodige toerusting en veiligheidsklere het.

Die BBV help jou om hierdie verpligtinge beter na te kom deur die hulpbronne in 'n spesifieke gebied saam te voeg, wat op sy beurt die koste vir die individuele grondeienaar verlaag.

# SKADEVERGOEDING

Indien 'n brand op jou eiendom uitbreek en jy het nie die Wet nagekom nie, is jy regtens verantwoordelik vir enige skade wat dit aan jou bure se eiendom aanrig.

As jy 'n BBV-lid is en aan die Wet en die BBV se reëls voldoen, is dit die eiser se verantwoordelikheid om op eie onkoste te bewys dat jy nalatig was. Grondeienaars wat nié tot 'n BBV behoort nie, moet hul eie onskuld op eie onkoste bewys.

# PRAKTIESE HULP

## WATTER PRAKTIESE HULP IS TOT MY BESKIKKING?

Jy kan nie op jou eie veldbrande doeltreffend voorkom, bestuur en bestry nie. Dit is egter moontlik indien jy tot 'n BBV behoort, wat lede die volgende dienste bied:

- Gesubsidieerde brandbestrydingsopleiding op 'n ad hoc-grondslag
- Voorsiening van opgeleide en toegeruste brandweerspanne vir die aanlê van brandstroke en vir ander aktiwiteite om die brandgevaar te verlaag
- Verwydering van uitheemse indringerplante en brandbestryding teen 'n laer koste
- Voorsiening van basiese toerusting, soos brandslaners, teen gesubsidieerde pryse
- Daaglikse verspreiding van die brandgevaarindeks
- Voorsiening van brandbewusmakingsinligting en -materiaal
- Fasilitering van die proses om brandpermitte in sommige gebiede te bekom
- Opstel van aksie- en GBB-planne wat beskryf hoe om risiko's te verminder en te bestuur, en wat om te doen wanneer 'n brand wél uitbreek
- Toegang tot 'n professionele span deskundiges wat jou eiendom kan besoek om jou oor brandrisikobestuur en GBB-beginsels te adviseer
- Beter gekoördineerde brandbestuur in 'n bepaalde streek

## IS DAAR ANDER VOORDELE VIR LEDE?

Ja, daar is baie ander voordele indien jy by jou plaaslike BBV aansluit. Dit sluit die volgende in:

- Jy ontvang voortdurend inligting oor brande in jou gebied en gedurende die brandseisoen.
- Daar is deurlopende kommunikasie sowel as werwingsaksies vir beter toerusting, hulp en ondersteuning van ander regeringsfeer en rolspelers.
- Lidmaatskap verhoog jou status wanneer jy met ander grondeienaars, onder meer semistaatsinstellings, moet kommunikeer en klagtes moet indien.
- Organisasies soos AgriSA sowel as sekere versekeringsmaatskappye ondersteun BBV lidmaatskap, en dring selfs in sommige gevalle daarop aan.
- Lede se behoeftes en besware word deur middel van die oorhoofse BBV op 'n provinsiale en nasionale vlak oorgedra.

# DIE FUNKSIONERING VAN BBV'S

## HOEVEEL KOS LIDMAATSKAP?

Na gelang van die grootte van jou eiendom, kan ledegeld so min as 'n paar honderd rand per jaar beloop.

Die uitgawe is deur en deur die moeite werd: Die BBV se hulp kan immers voorkom dat 'n veldbrand jou eie eiendom verwoes, en kan keer dat jy reuse bedrae moet opdok indien 'n brand op jou grond uitbreek en na jou bure se eiendom versprei.

## HOE WORD BBV'S GEFINANSIER?

BBV's word merendeels deur ledegeld en goedereskenkings gefinansier. Namate die ledetal styg, kan die BBV uitbrei en die werk van die bestuurspan finansier.

Die bestuurspan verduidelik die werk van die BBV aan voornemende lede, voorsien lede van hulp en advies, en help ook die BBV uitbrei sodat dit meer volhoubaar word.

Die uitdaging is om die ledetal van elke BBV ver genoeg uit te brei sodat dit op lang termyn volhoubaar sal wees.

## WAT IS 'N BRANDBESTUURSEENHEID?

Groot BBV's kan hul gebied in brandbestuurseenhede (BBE's), wyke of sake-eenhede verdeel. Hierdie BBE's bestuur plaaslike brandrisiko en stel geïntegreerde brandbestuur op plaaslike vlak in werking.

Die BBV besluit oor die grense van elke BBE, hou toesig oor die aktiwiteite in elke BBE, en koördineer hulle werk.

# BRANDSTROKE – GEWILDE VRAE EN ANTWOORDE

## MOET BURE ELKEEN 'N BRANDSTROOK AANLÊ?

Ja. Elke grondeienaar moet 'n brandstrook tussen sy grond en sy bure s'n aanlê ,tensy die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye 'n vrystelling toestaan. Die BBV fasiliteer die proses om om vrystelling aansoek te doen.

Tog kan grondeienaars daaroor ooreenkom om nie op elke eiendomsgrens 'n brandstrook te hê nie, maar die brandstroke eerder op 'n meer praktiese plek aan te lê. Die Minister hoef nie so 'n ooreenkoms goed te keur nie, hoewel dit raadsaam sal wees om jou BBV se raad daaroor in te win.

## WIE BEPAAL HOE BREED 'N BRANDSTROOK MOET WEES?

Die Wet bepaal nie die spesifieke grootte van brandstroke en die beste maniere om dit aan te lê nie, want omstandighede verskil na gelang van waar in die land jou eiendom geleë is. Die BBV sal lede oor die beste breedte vir brandstroke en die metodes vir die aanlê daarvan adviseer. Sommige BBV's voorsien ook riglyndokumente oor brandstroke.

## MY BUURMAN IS 'N BBV-LID, MAAR EK SIEN GEEN BRAND-STROKE OP SY GROND NIE. HOE NOU GEMAAK?

Dit is belangrik dat brandbestuurseenhede (BBE's) gereelde plaaslike vergaderings hou om hierdie soort kwessies op 'n plaaslike vlak uit te stryk.

## EK HET 'N GROOT PLAAT INHEEMSE PLANTEGROEI OP MY GROND, WAT AAN MY BURE S'N GRENS. MOET EK 'N BRAND-STROOK OM HIERDIE HELE AREA AANLÊ?

Ja. Jy is volgens wet verplig om brandstroke aan te lê. Weeg die koste van die brandstroke op teen dié van hofsake en eise teen jou indien 'n brand op jou eiendom uitbreek en van daar versprei. Dit sal veel goedkoper wees om brandstroke aan te lê,veral met die hulp van die BBV. Wanneer daar om vrystelling aansoek gedoen word, kan inheemse woude in sommige gevalle as 'n natuurlike strook by die BBE se brandstrookplan ingesluit word.

## KAN DIE BBV MY HELP OM MY STOPPELLANDE TE BRAND?

Natuurlik, indien die spesifieke BBV die nodige hulpbronne het. Nietemin sal jy jou verant-woordelikhede as grondeienaar moet nakom om 'n brandpermit te bekom, gedurende die brand teenwoordig te wees, en ook jou eie hulpbronne daarvoor beskikbaar te stel. Die BBV sal jou help om om 'n permit aansoek te doen, en kan in sommige gevalle selfs die permit uitreik.

## HET EK 'N PERMIT NODIG OM OP MY PLAAS TE BRAND, EN WAAR DOEN EK AANSOEK?

Ja. Jy sal by jou plaaslike brandweerdiens of die verantwoordelike organisasie 'n permit moet kry. Soms is daar 'n heffing vir die permit, hoewel jou BBV dalk afslag vir lede kan beding.

## SAL EK MOET BETAAL VIR BRANDBESTRYDERS OM BRANDE OP MY GROND TE BLUS, AL IS EK 'N BBV-LID?

Jy is volgens wet verplig om brande te bestry wat op jou eiendom uitbreek, en te keer dat dit na ander se eiendom versprei. In sulke gevalle sal jy die brandweerdiens moet betaal, ongeag of jy 'n lid is of nie.

BBV's het dikwels toegang tot brandbestrydingshulpbronne. Tog is jy nie verplig om die hulpbronne te gebruik wat die BBV aanbeveel nie.

## DIE WET SÊ DAT GRONDEIENAARS OOR BRANDBESTRYDINGSTOERUSTING MOET BESKIK. WATTER TOERUSTING?

Die Wet sê dat jy oor die toerusting moet beskik wat redelikerwys in die omstandighede nodig kan wees. Jy sal na jou besondere omstandighede moet kyk om te bepaal wat redelik is, hoewel brandslaners en 'n paar basiese watertenke uiteraard noodsaaklik sal wees. Dit is altyd beter om sogenaamde 'bakkiesakkies' (waterwaens), waterpompe en 'n watertenk te hê wat 'n bakkie of trekker kan sleep. Sommige BBV's het riglyne oor minimum vereistes.

## GESTEL 'N BRAND KOM OOR 'N KOPPIE OF BERG IN DIE RIGTING VAN MY PLAAS, SAL DIE BBV MY HELP?

Die BBV is nie 'n brandweerdiens nie, maar sal sy lede so ver moontlik help. Die wetgewing verplig grondeienaars om brandstroke aan te lê, en om te alle tye brandbestrydingstoerusting en opgeleide personeel beskikbaar te hê. In geval van groot brande, sal die brandweer gewoonlik 'n voorvalbeheerstruktuur (Incident Command System (ICS) op die been bring, waarin 'n lid van die BBV ook sal dien. Die voorvalbeheerstruktuur sal dan die brandbestrydingsaktiwiteite beheer en koördineer.

## MAG JY PRIVAAT EIENDOM BETREE AS DAAR 'N BRAND IS?

Ja. As jy glo dat 'n brand op iemand anders se eiendom mense se lewens, eiendom of die omgewing in gevaar stel, mag jy en jou werkers daardie eiendom betree om die brand te bestry.

## INDIEN EK 'N BRAND OP IEMAND ANDERS SE EIENDOM BESTRY EN SODOENDE DAARDIE EIENDOM BESKADIG, KAN DIE EIENAAR MY DAGVAAR?

Die Wet bepaal dat jy gedurende brandbestryding enige bome, gras, gewasse of ander plantegroei mag vernietig. Jy mag ook in so 'n geval enige gebou betree of enige voer- of werktuie verwyder.

# VELDBRANDFEITE

## IS BRANDE ALTYD 'N SLEGTE DING?

Nee. Brande is 'n deel van die lewensiklus van natuurlike ekosisteme deur die hele land. Tog is die getal veldbrande aan die toeneem, en brand dit ook feller in sekere streke vanweë swak bestuur. Baie brande veroorsaak skade aan die omgewing, en verwoes mense se huise en bestaan. Soms brand dit ook te dikwels vir die inheemse plantegroei om behoorlik te herstel. Dit is waarom geïntegreerde brandbestuur belangrik is.

## HOEKOM NEEM DIE GETAL VELDBRANDE TOE?

Afwesige grondeienaars en swak grondbestuur is van die hoofredes vir die toename in veldbrande. Uitheemse indringerplante bied ook voerstof vir brande, en verhoog die brandgevaar.

Omdat ons dorpe en stede begin uitbrei namate al hoe meer mense daarheen stroom, beweeg menslike aktiwiteit en landelike gebiede al hoe nader aan mekaar. Daarom is daar al hoe meer veldbrande – die meeste veldbrande ontstaan as gevolg van menslike aktiwiteit – en 'n groter gevaar van eiendomskade.

Klimaatsverandering laat temperature styg en skep stroke kurkdroë veld, wat die moontlikheid van 'n veldbrand sowel as die omvang en felheid daarvan verder verhoog.

## WAT BETEKEN DÍT VIR MY?

Veldbrande hou 'n groter gevaar vir jou eiendom in as voorheen. Tog kan geïntegreerde brandbestuur dié gevaar aansienlik verlaag. BBV's word erken as die beste model om landskapwye geïntegreerde brandbestuur te verseker

## WAARBORG DIT DAT EK GEEN VELDBRANDE SAL HÊ NIE?

Nee. Daar is geen towerstaf om veldbrande te voorkom nie. Maar jy kan die brandgevaar beduidend verlaag deur geïntegreerde brandbestuur as deel van jou plaaslike BBV se veldbrandbestuurstrategie toe te pas.

# KONTAKBESONDERHEDE


PROJEKKOÖRDINEERDER
TELEFOON: +27 (0)21 797 5787
E-POS: admin@fynbosfire.org.za
WEBTUISTE: www.fynbosfire.org.za